

'n Boodskap kan deur 'n kombinasie van prente, klanke en aksies aan ander persone oorgedra word. Om te verseker dat die boodskap verstaan word soos dit bedoel is, hang baie af van die wyse van aanbieding van so 'n multimediaboodskap. In vandag se digitale wêreld word tradisionele multimedia soos portrette, foto's, klankbande, en videobande nog steeds gebruik, maar word stelselmatig deur hulle digitale ekwivalente vervang. Dit is normaalweg maklik om hierdie digitale multimedialêers te dupliseer en dit is somtyds beskikbaar in openbare bronne. Alhoewel dit sy voordele het, is sekuriteit steeds 'n oorweging, veral vir sensitiewe multimediadata. Inligtingsekuriteitsdienste soos identifikasie en egtheidsbepaling, magtiging, en vertroulikheid kan geïmplementeer word om die data op lêervlak te beveilig, om sodoende te verseker dat slegs gemagtigde entiteite toegang tot die volle multimedia lêer het.

Dit mag egter nie altyd die geval wees dat 'n boodskap op dieselfde manier vir elke entiteit (gebruiker of program) wat die multimediadata aanvra, oorgedra word nie. Alhoewel toegangsbeheermaatreëls vir die multimedia *op lêervlak* toegepas kan word, is baie min werk gedoen om toegangsbeheer tot multimedia *op inhoudsvlak* te beveilig. 'n Hele paar modelle sal in hierdie verhandeling voorgestel word wat logiese toegangsbeheer op inhoudsvlak sal verseker vir die drie hoofipes multimedia, naamlik beeld, klank en video. In al hierdie modelle word die multimedia veilig in 'n bergplek gestoor terwyl die geassosieerde sekuriteitsinligting in die databasis gestoor word. Die objekte wat die magtigingsinligting hou word geskep deur 'n koppelvlak wat veilig kommunikeer met die databasis. Aanvraag word deur 'n ander veilige koppelvlak gedoen, waar slegs die gemagtigde multimediadata volgens die entiteit se sekuriteitsklassifikasie saamgestel word. Sekere belangrike implikasies van hierdie veilige multimediamodelle sal ook bespreek word. Dit behels kwessies rondom komponente van hierdie modelle en agterdog, met ander woorde vermindering van die waarskynlikheid dat 'n aanvraer tot die gevolgtrekking sal kom dat veranderinge aan die oorspronklike multimediadata gemaak is.